Pretoria- 11 September 2011

Skriflesing: Handelinge 20:17-38; Genesis 3:13-15
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 14**
Teks: Handelinge 20:27
Sing- Ps. 33:6; Ps. 106:1; Ps. 105:4,6

Ons het reeds 'n ent met hierdie belydenis gevorder, broeder en suster. In 'n groot deel van wat ons hierin gevind het, is daar werklik dit wat vir ons nie maklik is nie. U het sekerlik al gehoor die gedig van Totius bekend as die *Godsbesluit- **Bo al u donker bome, Heer/ groei my 'n enkle reusboom uit/ dit is die wag-'n- bietjiebos/ van u besluit.// Van ver so skoon, so groen, so blink.../ maar hoe verward/ wanneer ek dieper kyk en dink/ as wat 'n sondaar pas.// En steek ek dan my hande uit/ na u besluit/ dan gryp ek in die dorings vas.*** Soos wat hierdie gedig dit duidelik maak is daar die groot versigtigheid wat ten alle tye toegepas moet word wanneer oor die uitverkiesing gedink en gepraat word. As ek dieper wil gryp as wat dit my as sondaar pas dan sal ek in baie dorings vasgryp. Dorings wat baie skerp en seer sal steek sonder om myself met volmaakte antwoorde te laat.

Nou is par.14 ons hierin voor. Daar is mense wat sê kom ons leef en preek asof die uitverkiesing nie bestaan nie! Sulke mense wil beweer dat dit in alle geval na die kant van ons leer en lewe geskuif moet word. Ons moet ons nie besig hou met hierdie leer oor die uitverkiesing wat in alle geval net baie mense ongelukkig maak en by baie mense groot verwarring skep nie. Daarom moet jou nie hieroor moeg maak nie. Wat maak dit in alle geval saak sal mense ons ook vertel. Gaan dit nie maar net daaroor dat ons in Jesus moet glo en Hom moet volg nie. Al die ander dinge soos in besonder die leer oor die uitverkiesing bring soveel uiteenlopende standpunte dat ons nie hierdeur spanning en selfs skeuring tussen mense, baie keer in dieselfde gemeente, moet veroorsaak nie.

***

Wanneer ons egter ons belydenis in hierdie deel bewonder, broeder en suster, ja dit moet altyd iets van 'n bewondering wees wanneer die leerstuk ter sprake kom, dan sal ons agterkom dit is glad nie goed om te maak asof die uitverkiesing nie bestaan en om mense hieroor die swye op te lê nie. Inteendeel par.14 stel dit baie sterk dat die uitverkiesing moet verkondig word! Ons sal nog later in die volgende dele van die Dordtse Leerreëls sien HOE ons dit moet verkondig, maar hier in die paragraaf is dit nie 'n geval van HOE ons dit moet verkondig nie, maar DAT ons dit moet verkondig moet daar geen twyfel oor wees nie. Ons word eintlik aangemoedig om die erns van die uitverkiesing in die prediking nooit te onderskat nie!

Dit is eintlik 'n goue draad dwarsdeur die Woord van God wat met die uitverkiesing ingevleg lê dat ons belydenis stel alle hoofmomente van die Skrif in verband met die uitverkiesing. As ek kaart wil lees, maar ek hou niks van 'n kompas nie en ek wil aanmekaar sonder 'n ordentlike kompas my weg vind, dan kan ek wel meen ek met die kaart alleen vêr kan vorder, maar iewers gaan jy jou rigting verloor en jou vasloop. Kompas en kaart is wel albei nodig!

Ons belydenis trek groot lyne vanuit die Woord van God, alle hoofmomente kan nie geskei word van wat ons hier hoor nie. Daarom stel die Dordtse Leerreëls dit duidelik dat **die profete en Christus Self en die apostels, ja sowel die Ou as die Nuwe Testament het nie** oor die uitverkiesing wou stilbly nie. Vanuit ons belydenis word dit genoem dat die leer van die Goddelike uitverkiesing is volkome deel van die wyse besluit van God wat verkondig moet word presies soos dit in die Woord van God bekend gemaak word en vir ons bewaar gebly het.

***

Baie predikers is geneig om te dink dat hierdie leer maak ander mense bang en dat dit verby ons begrip van reg en van regverdigheid verbyskuif. Ons wil darem graag hê dat alle mense 'n gelyke kans moet staan en alle mense gelykwaardig en menswaardig behandel moet word. In gewone terme is dit nie 'n basiese beginsel van enige gesonde demokrasie dat mense graag wil omgaan met begrippe soos vryheid, gelykheid en broederskap wat moeilik in die Dordtse Leerreëls weerklank vind. Trouens wanneer die Dordtse Leerreëls die mens beskryf dan is daar moeilik 'n onvoorwaardelike vryheid en 'n menswaardige gelykheid en 'n allesomvattende broederskap ter sprake. Die Dordtse Leerreëls ken eerder die mens wat as hy/sy natuurlik vry is, dan eintlik bandeloos wil wees en ons hou daarvan om te maak asof alle mense en selfs alle geslagte tog gelyk moet wees, daar mag op geen manier teen ander gediskrimineer word nie. Trouens as ek alle mense as gelyk kan beskou dan bepaal dit in alle geval dat alle godsdienste tog maar gelyk is in hulle hantering van gelyke mense en my Hindoe of Moslem naaste is in die geval dan ook my broeder of suster?!

Daar mag dan nie só iets bestaan soos sending/ evangelisasie nie en daar kan ook nie hulle wees by wie daar sending gedoen moet word nie, want my godsdiens en sy godsdiens is al twéé reg- parte mense ry graag 'n Mercedes kar en ander hou weer meer van BMW. Broeder en suster, u kom agter as dit waar moet wees dat ons in ons geloof en godsdiens ook maar só werk, asof daar soos met dié karre verskillende modelle op die mark is, vir ons om van te

kies, dan is die leer oor die uitverkiesing by die agterdeur uitgegooi. Watter ernstige gevolge en implikasies dit mag inhou word egter nie behoorlik geweeg nie.

***

Daarom dat ons vanuit die Here se Woord in Handelinge gelees het dat ek as mens moet nie dink om sekere dele uit God se Woord vir my eie gerief uit te laat nie. As Paulus met die ouderlinge in die gemeente van Efese praat dan sê hy vir hulle in Hand.20:27- *Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie...* En dan volg Paulus dat ons moet nie dink dat nou het ons geen verantwoordelikheid in die verdere uitdra van die uitverkiesingsleer nie. Vers 28- *Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.* In dieselfde verband wys die Here deur Paulus hoe gevaarlik kan dit word as daar oor hierdie dinge stilgebly word. Trouens die gevaar is nog net so groot soos in daardie tyd wat Paulus sê- vv.29-31- *Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.* [30] *Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan.* [31] *Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie.*

Watter baie redes daar ook sou kon wees om oor die uitverkiesing te wil stilbly, broeder en suster, so een is eintlik besig om die hart uit die evangelie te wil uithaal. Genesis 3 is in sy volle openbaring eintlik openbaring van God se heerlike en genadige uitverkiesing. Elke keer besef ons God sou die volste reg hê om alle mense vir ewig in die diepste ellende te laat voortgaan. Hoe groot is Sy liefde en genade as Hy egter volgens Sy ewige liefdeskeuse vir die slang, vir die duiwel sê- Die baie belangrike en bekende moederbelofte- die moeder van alle ander beloftes- *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Probeer u indink wat sou gebeur het as die HERE nie met Sy belofte ingegryp het nie! Dan sou die hele mensheid die duiwel gevolg het. MAAR: Omdat die HERE ingryp, omdat die HERE in Sy goedheid mense uitverkies het, sal hierdie duiwelse vrede nie die hele aarde oorheers nie. Die vyandskap wat tussen die ongelowiges en die saad van die slang (aan die een kant) en die gelowiges en Christus (wat die Saad van die vrou is) aan die kant volg, is gevolg van God se genadige uitverkiesing! Sonder God se uitverkiesing sou niemand vyandskap teen die duiwel en die sonde hê nie. Dit is niks anders as ‘n vrug van Sy

liefdevolle uitverkiesing. Ons kan dit so sê dat die ontstaan, bestaan en voortbestaan van Christus se kerk die gevolg van God se ewige verkiesing is. Wie van die verkiesing swyg, verswyg een van God se grootste werke. Wie van die verkiesing swyg, eer God nie in Sy grootheid, liefde en majesteit waarin Hy Homself geopenbaar het.

Heeltyd moet ons besef soos die Dordtse Leerreëls dit ook by herhaling stel- hier het ons te doen met die wysheid van God. Hierdie wyse besluit van God staan in Johannes 10:14-16 duidelik opgeteken. [14] *Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.* [15] *Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape.* [16] *Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.* Daar is geen sprake van soos die Remonstrante ons wil leer dat die dood van Jesus het eintlik net dit moontlik gemaak dat ons gered kan word, maar die uiteindelike redding hang ook van jouself af. Die Here Jesus sê hier vir ons baie duidelik dat Hy nie gesterf het om mense 'n moontlikheid te gee om gered te word nie. Hy gee hulle nie net die moontlikheid om Hom as die Goeie Herder te volg nie. Nee, Hy weet vir wie Hy sterf. Hy ken ook die skape wat nou nog nie glo nie. Hy ken hulle by die naam en sal hulle roep en hulle sal Hom volg. Hand 13:48 staan dit so duidelik dat hulle wat <u>verordineer</u> was tot die ewige lewe, het gelowig geword- *En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.* In die Grieks staan hier vir die woord verordineer, die woord- τεταγμένοι- afgelei van die woord - **τάσσω-** wat baie duidelik wys op 'n aanstelling, 'n rol of 'n funksie wat vervul moet word. Die heidene in Hand 13 het alleen die geloof kon ontvang omdat dit vir hulle moontlik gemaak was om te glo en God te prys. Ons kan dan sê God het hulle in daardie posisie geplaas om te kon glo. Hulle is die taak opgelê om te moet glo, sal ons ook kan sê!

***

Wanneer ons besef dat hierdie leer definitief verkondig moet word, dit wat tot die kern van die Evangelie behoort, dan sê ons hiermee saam, dit moet wel op die regte wyse gedoen word. Ons belydenis stel dit dat **hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste verkondig word.** Ons wil nie, in aansluiting by vanoggend, dat God ons hieroor in donker moet aankyk nie. Voorwaar as dit nie werklik op die regte manier uitgedra word nie, dan sal ons hieroor donker aangekyk kan word.

Hoe maklik kan ons wil voorgee dat ons die uitverkiesing wel ken en bely, maar ken ons waarlik die God van die uitverkiesing?! Ken ons sy stem soos Johannes 10 daarna verwys het. Die stem van die Here wat deur sy Woord en Gees sy kinders volgens sy welbehae na Hom toe trek terwyl God hulle uit die ryk van die duisternis wegtrek en aan Hom verbind. Hy wat vir ons 'n Vader wil wees. In alles moet ons God ken as die God van die verbond.

Die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. In Abraham begin God sy verbond en in Isak wys God deur dieselfde verbond dat die verbond werk nie van onder ná bo, vanuit ménse vlees en die kragte hieronder nie. Die verbond kom altyd van bó na onder. Isak is gebore uit 'n moederskoot wat dood was, na die vlees kon Abraham en Sarai nie meer kinders kry nie, maar soos ons in Rom 4:17 dit lees so het dit gebeur. Ons lees wat die Here vir Abraham sou sê- *Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie! roep asof hulle bestaan.* Dieselfde God het ook tot Jakob gekom en baie duidelik wys God sy vrymagtige verkiesings daad, sy soewereine liefde van *Jakob het Ek liefgehad maar Esau het Ek gehaat...*

Deur die regte prediking kan u God regtig met u hoor praat. Dit is wat prediking moet wees, dat elkeen van ons moet afsien van onsself, ons eie kragte, ons eie wil en ons op die Here sal vertrou. Op Hom wat ons roep tot sy wonderbare lig is ons hele lewe van Hom afhanklik. So maklik kan 'n mens met goeie bedoelings eintlik verkeerde dinge sê! Ons kan op so ‘n manier praat dat dit kan klink asof God mense vir die hemel/hel bestem het en dat mense dink hulle moet maar passief gaan sit en wag dat God hulle moet red. Nee, wanneer ons getuig, moet mense weet dat hulle na Christus MAG vlug net soos hulle is! Hulle moet die Here kan leer ken as ‘n genadige en barmhartige God, vol goedertierenheid. Mense moet, deur ons getuienis, agterkom hoe groot God se Vaderhart is dat Hy sondaars uitgekies het en tot Sy uitverkore kinders gemaak het. Hoe heerlik dit is om op Sy roepstem te mag antwoord en daarin te deel.

***

Soos die regte wyse daar is, om hierdie leer uit te dra, so moet ons ook wag vir die regte tyd en die regte plek. Op die sendingveld en waar ons met evangelisasiewerk besig is, daar sal dit nie deug om hierdie leer by voorbaat aan die heiden en die onbekeerde te wil verduidelik nie. Hierdie leer se plek is in die kerk waar daar reeds in die geloof bepaalde vrug en duidelike groei plaasgevind het. Aan hulle wat reeds glo moet dit verkondig word. Nie aan

hulle wat nog nie glo nie. Daardie deel van ek moet nie my pêrels voor die varke gooi nie, sou ons hier kon laat besef hierdie is deel van die pêrels van wat ons ontvang het, moet dit nie voor almal gooi nie!

Dit verg duidelike diskresie as ons met hierdie leer besig is. Die sondige mens sal van nature hierdie leer onder die voete wil trap. En in aansluiting by Paulus is daar die leerstukke wat as melkkos na die jongeling in die geloof moet kom, daardie melkkos moet eerste verteer kan word, voordat hierdie leer gebring sal kan word. Hier wat ons hier hoor en dit wat die Dordtse Leerreëls ons hier leer is beslis nie melkkos nie! Die vaste kos van die Evangelie is hierin vervat.

Op die einde gaan dit in die verkondiging hiervan nie om ons nie. Dit gaan ook nie primêr om ons redding nie. Dit gaan in alle geval om aan God alleen die eer te gee. Ons moet klein word sodat Christus groter en meer kan word in ons lewens. Die Dordtse Leerreëls stel dit baie duidelik in die paragraaf dat dit eerstens moet gaan om God te eer en daarna moet dit ook wees **tot 'n lewende troos vir die Here se volk.** Wanneer ons hierdie dag in die ontmoeting met God deur die verkondiging afsluit en ek mag weet God kyk my nie donker aan nie. Ek ken my eie swakhede, tekortkominge en ellende, maar God staan bo my, bo ons almal.

Dit gaan daarom dat ons die HERE aanbid in die rykdom waarin Hy Homself geopenbaar het. Sy Naam word nie tekort gedoen nie. Sy Naam kom in die kalklig staan. Dink net hoeveel lof ontvang HY wanneer ons Hom verkondig as die Heilige God wat ondanks ons sondes mense uitkies. Hy laat mense die evangelie hoor, Hy werk in hulle hart die wonder van die wedergeboorte. Hy het Sy Seun gestuur waardeur die uitverkorenes die ewige verlossing ontvang. As die uitverkiesing so gepreek word, is dit ‘n heerlike en lewende troos vir God se volk. Jy mag dan weet dat jy nie deur en in jou eie krag jou aanneemlik vir God hoef te maak nie.

Laat ons hierdie evangelie tog nie verwerp nie. Laat ons ons nie oorgee aan ‘n vervalste “evangelie” waar God as die uitverkiesende God VERSWYG word ter wille van “vrede” nie. Hoe heerlik is dit om die HERE so te mag ken. Dan leer ‘n mens met Paulus jubel: *“o, Diepte van rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en*

onnaspeurlik Sy weë! …. Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN